# SEPTIESE GEWRIG

## Wat is 'n septiese gewrig

'n Gewrig waarin ontsteking ontstaan as gevolg van 'n infeksie word 'n septiese gewrig genoem. Skade aan die gewrigsoppervlak of kraakbeen ontstaan van infeksie en word genoem septiese artritis.

## Wat veroorsaak 'n septiese gewrig

Bakterieë kan die gewrig binnedring deur onderbreking van die vel, deur die bloedstroom vanaf ander bronne van infeksie of as gevolg van 'n inspuiting of chirurgie. Sommige gewrigs-infeksies ontstaan sonder 'n bekende oorsaak. Mense met onderdrukte immuunsisteme het 'n hoër kans vir septiese gewrigte.

## Wat is die simptome

Pasiënte met septiese gewrigte kla van pyn en swelling in die gewrig. Die gewrig is warm, rooi en erg pynlik, veral wanneer gewig daarop gedra word. Omvang van beweging van die gewrig is erg ingeperk. Die gewrig is geswel en teer met betasting. Pasiënte mag ook koors hê.

## Hoe word septiese gewrig diagnoseer

Die chirurg sal die diagnose maak met kliniese ondersoek. Laboratoriumstudies kan verhoogde witseltelling en verhoogte toetse vir inflammasie soos bloedbesinking en C-reaktiewe proteïne aandui. Vog wat van die gewrig getrek word sal troebel of etterig wees en kan geanaliseer word vir bakterieë en witseltelling om die diagnose te bevestig. X-straal foto's en MRI skandering kan vloeistof in die gewrig aandui.

## Hoe word septiese gewrig behandel

### *Nie-operatief

Omdat bakteriële infeksie gewrigskraakbeen beskadig word septiese gewrigte beskou as relatiewe chirurgiese noodsituasies. Nie-operatiewe behandeling bestaan uit antibiotika en dreinasie van die gewrig herhaaldelik met 'n naald en spuit. Dit word gereserveer slegs vir pasiënte wat te siek is om 'n operasie te ondergaan.

### *Operatiewe behandeling

Die chirurg sal die gewrig uitwas in die operasiekamer. Dit kan artroskopies of deur 'n oop tegniek gedoen word. Monsters word geneem in die gewrig om die tipe bakterieë te identifiseer. Binneaarse antibiotika word gegee om die infeksie te help opklaar. Bloedtoetse sal herhaal word om die opklaar van die infeksie verder te bevestig.